

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



SA EXAM  
PAPERS



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2017

PUNTE: 120

TYD: 3 uur

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.
3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).
4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.
5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

<b>AFDELING</b>	<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
<b>A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)</b>	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>60</b>		

EN

<b>B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)</b>	5	20		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>20</b>		

EN

<b>C: WKM</b>	6	10		
	7	5		
	8	5		
	9	5		
	10	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>40</b>		

OF

<b>D: JAZZ</b>	11	10		
	12	5		
	13	5		
	14	5		
	15	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>40</b>		

OF

<b>E: IAM</b>	16	10		
	17	5		
	18	5		
	19	5		
	20	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>40</b>		

<b>GROOTTOTAAL</b>		<b>120</b>		
--------------------	--	------------	--	--

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)****(90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1  
EN VRAAG 2.1 OF 2.2  
EN VRAAG 3.1 OF 3.2  
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel verskaf is.

**VRAAG 1****(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ON A CLEAR DAY**

**Andante** x Burton Lane

Solo

Piano Klavier

A

1.2.2


1.2.1

5


Y

B

etc./ens.

- 1.1 Is hierdie stuk in tweeslagmaat of vierslagmaat?  
\_\_\_\_\_ (1)
- 1.2 Benoem die intervalle by **1.2.1** en **1.2.2** volgens tipe en afstand.  
1.2.1 \_\_\_\_\_  
1.2.2 \_\_\_\_\_ (2)
- 1.3 Omkring die enharmoniese ekwivalent van B<sup>b</sup> op die partituur. (1)
- 1.4 Benoem die drieklanke by **A** en **B** volgens tipe en posisie, bv. majeur, tweede omkering. (Oorweeg SLEGS die note in die blokkie.)  
**A:** \_\_\_\_\_  
**B:** \_\_\_\_\_ (2)
- 1.5 Transponeer die soloparty by **X** 'n majeur tweede hoër. Onthou om die nuwe toonsoortteken by te voeg.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)
- 1.6 Herskryf die vokale party by **Y** TWEE oktawe laer vir die tjello. Gebruik die korrekte sleutel en toonsoortteken.  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (3)
- 1.7 Wat is die betekenis van die Italiaanse term *andante*?  
\_\_\_\_\_ (1)
- 1.8 Voltooi die chromatiese toonleer hieronder. Gebruik toepaslike ritmiese materiaal.  
 (2)

- 1.9 Skryf die melodiese vorm van die B<sup>b</sup>-mineurtoonleer opgaande. Gebruik die altsleutel, 'n toonsoortteken, heelnote. Dui die halftone aan.



(3)

- 1.10 Die uittreksel hieronder het veranderinge in die tydmaatteken. Vul die korrekte tydmaattekens in waar daar 'n asterisk (\*) is.

(3)  
[20]

**VRAAG 2****(25 minute)****Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

- 2.1 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: \_\_\_\_\_

1

*mf*

5

9

Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Vorm en kadenspunte</b>	3	
<b>Korrektheid</b> Nootstele, polsslae per maat, toevallige tekens, spasiëring	2	
<b>Kwaliteit</b> Toepaslikheid, dinamiek, artikulasie, tempo-aanduiding, musikaliteit	10	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

**[15]****OF**



- 2.2 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: \_\_\_\_\_

1

*mf*

5

9

Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Vorm en kadenspunte</b>	3	
<b>Korrektheid</b> Nootstele, polsslae per maat, toevallige tekens, spasiëring	2	
<b>Kwaliteit</b> Toepaslikheid, dinamiek, artikulasie, tempo-aanduiding, musikaliteit	10	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

[15]

**VRAAG 3****(10 minute)****Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

- 3.1 Bestudeer die aangepaste uittreksel uit die *Klaviersonate in D, Op. 28* deur Beethoven hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

New key:  
Nuwe toonsoort:

- 3.1.1 Die stuk moduleer vanaf maat 10–12. Dui die nuwe toonsoort in die spasie op die partituur aan. (1)
- 3.1.2 Besyfer akkoorde **(a)–(g)** in die spasies op die partituur. Dui die toonsoort, akkoord en posisie in elke geval aan, byvoorbeeld C: iib/iii<sup>6</sup> (7)
- 3.1.3 Benoem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

(i) \_\_\_\_\_

(ii) \_\_\_\_\_

(2)  
[10]

**OF**

- 3.2 Bestudeer die uittreksel uit *Second Hand Rose* deur James F Hanley hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

(a) (b) (c)

(d) (e) (f) (g)

(i)

(ii)

etc./ens.

- 3.2.1 Benoem die hooftoonsoort van hierdie stuk.

\_\_\_\_\_

(1)

- 3.2.2 Identifiseer akkoorde **(a)–(g)** en skryf die akkoordsimbole in die spasies bokant die notebalk op die partituur, bv. D/A.

(7)

- 3.2.3 Benoem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

(i) \_\_\_\_\_

(ii) \_\_\_\_\_

(2)

[10]

**VRAAG 4****(30 minute)****Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

- 4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en basparty by te voeg.

1

5

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Akkoordprogressie</b> Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens	12	
<b>Korrektheid</b> Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	14	
<b>Kwaliteit</b> Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	4	
	<b>30 ÷ 2</b>	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

**[15]****OF**

- 4.2 Voltooi die stuk hieronder deur gesikte harmoniese materiaal op die leë notebalke by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 voorgestel word.

The musical score is in 4/4 time and B-flat major. It consists of two systems of four measures each. The first system starts at measure 1, and the second system starts at measure 5. The melody in the right hand is:  $Bb$ ,  $A$ ,  $G$ ,  $F$ ,  $E$ ,  $D$ ,  $C$ ,  $Bb$ ,  $A$ ,  $G$ ,  $F$ ,  $E$ ,  $D$ ,  $C$ ,  $Bb$ . The left hand accompaniment consists of chords and single notes:  $Bb$  (chord),  $A$  (chord),  $G$  (chord),  $F$  (chord),  $E$  (chord),  $D$  (chord),  $C$  (chord),  $Bb$  (chord),  $A$  (chord),  $G$  (chord),  $F$  (chord),  $E$  (chord),  $D$  (chord),  $C$  (chord),  $Bb$  (chord).

Die harmoniese materiaal sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAATSE PUNTE
<b>Akkoordprogressie</b> Akkoordkeuse; korrekte gebruik van kadens	14	
<b>Korrektheid</b> Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	12	
<b>Kwaliteit</b> Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	4	
	<b>30 ÷ 2</b>	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS****(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B  
EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)  
OF AFDELING D (Jazz)  
OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

**AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)****VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 5.1.11 D.

5.1.1 Die term *bariton* beskryf 'n tipe ...

- A vroulike stem met 'n hoë omvang.
- B manlike stem in die middel-omvang.
- C vroulike stem in die middel-omvang.
- D manlike stem met 'n hoë omvang.

5.1.2 Daar word na ongeleide vokale musiek as ... verwys.

- A mbaqanga
- B scat-sang
- C a cappella
- D Geeneen van die bogenoemde nie

5.1.3 Watter eienskap(pe) word algemeen in jazz aangetref?

- A Improvisasie word selde toegepas.
- B Sonatevorm word uitvoerig gebruik.
- C Gesinkopeerde ritmes en die swing-gevoel word gebruik.
- D Al die bogenoemde

5.1.4 Beskryf 'n noot wat met 'n artikulasietipe tussen staccato en legato uitgevoer word:

- A Agitato
- B Portato
- C Tenuto
- D Martellato

5.1.5 Die term *krepitasie* verwys na 'n ...

- A instrumentale tegniek tipies van Inheemse Afrika-musiek.
- B speeltegniek op die viool tipies van Westerse Kunsmusiek.
- C klaptegniek op die baskitaar tipies van jazz-musiek.
- D vokale tegniek tipies van Inheemse Afrika-musiek.

- 5.1.6 Die dwarsfluit is beide 'n ...
- A houtblaasinstrument en 'n aërofoon.
  - B houtblaasinstrument en 'n chordofoon.
  - C koperblaasinstrument en 'n aërofoon.
  - D houtblaasinstrument en 'n idiofoon.
- 5.1.7 'n *Ostinato* is 'n ...
- A motief wat 'n melodiese patroon 'n oktaaf hoër herhaal.
  - B motief wat herhaal terwyl materiaal daarrondom verander.
  - C motief wat gedurig in die loop van die stuk verander.
  - D seksie musiek wat deur 'n volgehoue of herhaalde noot gekenmerk word.
- 5.1.8 Die djembe word gewoonlik ... gespeel.
- A in die slaginstrumentseksie van 'n big band
  - B saam met marsorkesmusiek as deel van die begeleiding
  - C in die slaginstrumentseksie van 'n simfonieorkes
  - D saam met koormusiek as deel van die begeleiding
- 5.1.9 Vers en refreinvorm word algemeen in ... gebruik.
- A Barok-musiek
  - B 12-maat-blues
  - C populêre liedjies
  - D orkesmusiek
- 5.1.10 'n Koda word aan die einde van ... gevind.
- A elke musiekfrase
  - B 'n musiekstuk
  - C die brugpassasie
  - D die eerste seksie in drieledige vorm (10 x 1) (10)
- 5.2 Beskryf die funksie van 'n musiekuitgewersmaatskappy. (3)
- 5.3 Wat is 'n *uitvoeringsregte-lisensie*? (1)
- 5.4 Vir hoe lank is kopiereg geldig? (1)

- 5.5 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.5.1–5.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 5.5.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
5.5.1	Toonsoort	A	roep en antwoord
5.5.2	Instrument	B	tonaliteit
5.5.3	Ululasie	C	polsslag
5.5.4	Melodiese interaksie	D	vokale tegniek
5.5.5	Metrum	E	toonkleur
		F	tekstuur

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING B: 20**



**Antwoord AFDELING C (WKM)  
OF AFDELING D (JAZZ)  
OF AFDELING E (IAM).**

**AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

**VRAAG 6**

- 6.1 Noem TWEE transponerende instrumente wat in die standaard- Klassieke orkes gebruik word. (2)
- 6.2 Noem die vormtipe van die volgende:
- 6.2.1 Mendelssohn: *Fingal se Grot Overture* ('*Fingal's Cave Overture*')/*Hebrides Overture* ('*Hebrides Overture*') (1)
- 6.2.2 Beethoven: *Pastorale Simfonie* – vierde beweging (1)
- 6.2.3 Mozart: *Die Towerfluit* – ouverture (1)
- 6.3 Gee EEN musikale term in opera vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 6.3.1 Musiekinleiding wat deur 'n orkes gespeel word en dikwels uit uittreksels uit die opera bestaan
- 6.3.2 Teks van 'n opera
- 6.3.3 Solo vir stem met orkesbegeleiding
- 6.3.4 Stuk wat deur 'n groot groep mense op 'n verhoog gesing word
- 6.3.5 Italiaanse komiese opera (5)  
[10]

**VRAAG 7**

- 7.1 Noem DRIE verskille tussen 'n *uiteensetting* en 'n *heruiteensetting*, soos dit in sonatevorm voorkom. (3)
- 7.2 Identifiseer 'n musiekstruktuur wat in saamgestelde drieledige vorm is. Gee 'n skematiese voorstelling, byvoorbeeld AB. (2)  
[5]

**VRAAG 8**

Die vierde beweging (*Die Storm*) van Beethoven se *Simfonie Nr. 6* is 'n vroeë voorbeeld van programmusiek. Beskryf hoe die programmatiese inhoud in die musiek voorgestel word. [5]

**VRAAG 9**

- 9.1 Watter tipe orkes gebruik Mendelssohn in sy *Hebrides Ouverture*? (1)
- 9.2 Al VIER seksies van 'n orkes word in hierdie werk verteenwoordig. Noem die instrumente wat in die partituur verskyn. Skryf slegs die instrument langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 9.2.6 harp, kitaar.
- 9.2.1 Strykers (1)
- 9.2.2 Houtblasers (1)
- 9.2.3 Koperblasers (1)
- 9.2.4 Slaginstrumente (1)
- [5]**

**VRAAG 10**

Bespreek in 'n opstel hoe die karakters van Tamino en Papageno deur musiek uitgebeeld word.

Verwys na die volgende arias:

- *Dies Bildnis ist bezaubernd schön (Hierdie beeltenis is betowerend mooi)*
- *Der Vogelfänger bin ich ja (Ja, ek is die voëlvanger)*

Jy sal punte ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Tamino: Enige drie karaktereienskappe wat by drie uitbeeldings in die aria pas	6
Papageno: Enige drie karaktereienskappe wat by drie uitbeeldings in die aria pas	6
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**[15]****TOTAAL AFDELING C: 40****OF**

**AFDELING D: JAZZ****VRAAG 11**

- 11.1 Definieer *marabi* in TWEE sinne. (2)
- 11.2 Motiveer waarom jy Abdullah Ibrahim se musiek as Cape jazz beskou. (4)
- 11.3 Noem die musiekinstrument wat deur ELK van die volgende kunstenaars bespeel word:
- 11.3.1 Mahlathini
- 11.3.2 Spokes Mashiyane
- 11.3.3 Chris McGregor
- 11.3.4 Feya Faku (4)
- [10]**

**VRAAG 12**

Skryf 'n paragraaf oor die sosiale en musikale oorsprong van mbaqanga. **[5]**

**VRAAG 13**

Bespreek die stylkenmerke van EEN van die kunstenaars/groepe van jazz by die huis ('jazz at home'). Noem ten minste EEN treffer/album:

- Zim Nqawana
  - Sakhile
  - Spirits Rejoice
- [5]**

**VRAAG 14**

Skryf 'n paragraaf oor die musiek van die vroeë Suid-Afrikaanse vroulike groepe. **[5]**

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel waarin jy kwêla as 'n jazz-genre bespreek. Verwys na die musikale oorsprong van die musiek, sosiale/maatskaplike waarde en musiekkenmerke. Sluit EEN kunstenaar en EEN treffer/album in.

Jy sal punte ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

<b>KRITERIA</b>	<b>PUNTETOEKENNING</b>
Musikale oorsprong	3
Sosiale/Maatskaplike waarde	2
Musiekkenmerke	5
Kunstenaar en treffer/album	2
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**[15]****TOTAAL AFDELING D: 40****OF**

**AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)****VRAAG 16**

- 16.1 Definieer *mbaqanga* in TWEE sinne. (2)
- 16.2 Watter musiekkenmerke van malombo is tipies van Afrika? (4)
- 16.3 Noem die moderne style (konstrukte) van inheemse Afrika-musiek wat met die terme hieronder geassosieer word. Skryf slegs die musiekstyl langs die vraagnommer (16.3.1–16.3.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 16.3.5 Malombo-jazz.
- 16.3.1 Konsertina
- 16.3.2 TTBB
- 16.3.3 Orrel
- 16.3.4 Moropa (4)
- [10]**

**VRAAG 17**

Bespreek hoe izibongo in maskandi gebruik word. [5]

**VRAAG 18**

Bespreek watter kenmerke vrye kiba anders as tradisionele kiba maak. [5]

**VRAAG 19**

Skryf 'n paragraaf oor die eienskappe van isicathamiya. [5]

**VRAAG 20**

Skryf 'n opstel waarin jy die sosiale konteks en tipiese musiekelemente van Suid-Afrikaanse Inheemse Musiek beskryf.

Jy sal punte ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Sosiale konteks	5
Tipiese musiekelemente	7
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**

